

**Maandag 21 Augustus**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 4:25-32**

**Fokusgedeelte: Efesiërs 4:30**

**Die verseëling roep jou op tot verantwoordelikheid**

Dit verskaf 'n ongelooflike gevoel van sekuriteit om deur God vir die ewige lewe verseël te wees. God beskerm my immers teen my grootste vyand, naamlik my eie hardkoppigheid as gevolg van my sondige natuur.

Terselfdertyd plaas God se genade 'n verantwoordelikheid op my. Dit is dat ek nie die Heilige Gees moet bedroef nie. Hierdie appèl word baie sterk beklemtoon deur die belofte wat ons by die doop ontvang. Deur die doop word ons immers vermaan en verplig tot 'n nuwe gehoorsaamheid aan God.

Ons kyk na hierdie verantwoordelikheid vanuit die konteks van die vorige twee Skrifgedeeltes uit Openbaring. Die Gees van God is besig om ons te verseël. Hy is besig om ons – as reisigers na die ewigheid – toe te woel in alles wat ons nodig het om ons bestemming te bereik. Die Gees is besig om die sekuriteitsmuur rondom ons op te bou. Wanneer ons egter met verkeerde dinge besig is, maak ons die veiligheidshekke van ons harte oop en gee ons geleentheid vir Satan om binne te kom. Die Gees sê dit maak Hom hartseer, want ons verhinder ons beveiliging, ons werk ons verseëling teë. Ons weer-staan die genade.

Wanneer ons as gelowiges die wapenrusting van God aantrek (Ef. 6:16), dan blus ons daarmee die vurige pyle van Satan. Die Gees van God is egter die vuur wat in ons brand. Hy laat ons brand van aanbidding en bewondering vir God en sy grootheid. Hy laat ons brand van liefde, medelye en omgee vir mense. Die Gees bewaar en verseël ons deur ons al meer na Jesus te laat lyk in woorde en daede.

*Sing: Psalm 116:1, 2 (1936)*

*Ds. Attie Venter (Pretoria-Annlin)*